informa

Mei 2003 - 8:2

Amptelike nuusblad van die personeel van die UV
Official newsletter of the staff of the UFS

# Gedragskode nie ‘n heksejag

**Die Universiteit het pas ‘n gedragkode goedgekeur vir personeel. Personeel sal so weet wat van hulle in die werkplek verlang word. Bekendmaking van ongerymdhede sal ook sonder benadeling gedoen kan word.**

Mnr. Gert van den Berg, interne ouditeur, sê die gedragskode is nie ‘n heksejag nie. Ander instellinge en die meeste groot maatskappye het reeds ‘n gedragskode in plek waaraan personeel moet voldoen.

Die gedragskode spel aan personeel uit wat van hule verwag word, hoe om op te tree en hoe om ongerymdhede onder die regte mense se aandag te bring. In laasgenoemde geval het spesiale ondersoeke die afgelope tyd toegeneem. “Personeel weet nie altyd wat hul te doen staan as hulle van ongerymdhede weet nie.”

So sal van onder meer van personeel verwag word om bekend te maak as hulle buitewerk doen. “In sommige gevalle is personeel selfs in mededinging met die UV.”

Mnr. Van den Berg sê die gedragskode is die afgelope twee jaar wyd gekommunikeer. Fakulteite, departemente en vakbonde asook die universiteit se prokureurs het hul insette gelewer.

Personeel wat die kode oortree, kan dissiplinêr verhoor word of selfs strafregtelik aangekla word.

Die boodskap is wel dat die UV geen ongerymdhede gaan duld.

## Ethnical standards aim of the code

**The code of conduct has been formulated to promote the highest ethical and moral standards at the University of the Free State.**

Staff members, in executing their duties, are required to:

- Maintain and continuously develop their knowledge and understanding of their areas of expertise or their professional domains
- Exercise their best professional and ethical judgement and take unbiased decisions on the basis of the available factual information.
- Treat students, members of the public and other members of staff with respect, impartiality, courtesy and sensitivity
- Maintain a co-operative and collaborative approach to work relationships
- Are able to deal spontaneously with what are often complicated and ethical issues that may confront them in their work
- Perform their tasks with diligence and meticulous care
- Act in ways that are fair and reasonable, and perform their work with integrity and objectivity
- Respect the confidentiality of information that may be disclosed in the course of their work
- Maintain policies and practices that promote equal opportunities, health and safety
- Ensure that university resources are used efficiently and effectively, and where possible, implement improvements and reduce waste
- Act in accordance with university aims, policies and procedures
- Comply with legal, industrial and administrative requirements, and
- Ensure that their participation in non-university activities does not conflict with the fact that they are in the service of the university.

**Continued on p2... Molao**




### UV Sport neem sy regmatige plek in gemeenskap in

Sport aan die UV het onlangs sy eie “draaistrategie” bekendgestel waarvolgens Kovsiesport weer sy regmatige plek in die gemeenskap, streek en die land sal inneem.

**Hier ontvang mnr. Ewie Cronje (regs), Direkteur van Kovsiesport, ‘n tjek van R3 miljoen van prof. Frederick Fourie, Rektor. Lees meer op bl. 3.**

Mooirivier Makelaars BK

Spesialiseer in groepsversekering

**Sekuriteit • Die beste pryse • Die beste diens**

Kontak ons by (051) 447 6877, faks (051) 447 5758 of stuur e-pos aan mmbloem@mweb.co.za

E-pos - E-mail: informa@stig.uovs.ac.za
Webblad - Web site: www.uovs.ac.za/prb/informa/main.asp
Tel - Phone: 051 - 401 9188
Faks - Fax: 051 - 430 8397

# Mense sien rooi oor bottelnek by hek

**Noem die woord "verkeer" en 'n stortvloed klagtes oor die verkeersituasie tref jou. Ons het Sarina Myburgh gevra om van die klagtes op papier vas te pen:**

Mev. Girty Swart van die biblioteek sê half vyf is dit 'n groot krisis. By die uitgang na Langehovenpark (DF Malherberylaan) staan die motors soms tot daar waar hulle bou aan die Studentesentrum en 'n mens sit tot 'n half uur in die tou!

"Ek besef sekuriteit het te min personeel. Hoekom stel hulle nie betroubare studente aan vir daardie uur of halfuur per dag wanneer almal huis toe gaan nie en betaal hulle iets soos R20? Of hulle moet net vir daardie halfuur die hekke by die Landboufakulteit en Roosmaryn ook oopmaak. "Ek ervaar nie soggens probleme nie."

'n Anonieme werknemer sê " Die verkeersituasie is 'n nagmerrie! Daar is met middagete soms probleme, maar dit is glad nie so erg soos half vyf nie! Die nuwe stopstraat by die hek aan DF Malherberylaan maak die vloei van verkeer moeiliker. "Ek stel voor dat die voetgangersbrug by die Genmin Lectorium oopgemaak word vir verkeer en dat die hek by die BOK ook in die middae gebruik word eerder as die uitgang by DF Malherberylaan. Al die verkeer na Langenhovenpark is dan nie by een hek gesentreeer nie.

"Daar kan ook 'n pyltjie by die robot by die hoofhek aangebring word vir verkeer wat wil draai na Mimosa Mall se kant. 'n Mens staan en wag en as jy jou weer kom kry is die robot weer rooi!"

Nog 'n anonieme werknemer stel voor dat die brug na die Genmin Lectorium oopgemaak word vir parkering - al is dit dan net vir motorfietse en fietse. "Dit is aaklig om te dink 'n parkeerplek is oop en dan staan daar 'n 'scooter' of 'n motorfiets!"

Nog iemand wat nie sy naam genoem wil hê nie sê "Ek ervaar die verkeersituasie as gevaarlik! Iemand het nou die dag amper in my vasgery by die Vishuis-sirkel. Daar is nie genoeg padtekens nie. Daar moet byvoorbeeld toegeetekens by sirkels aangebring word.

"Soms is daar net een sekuriteitspersoon aan diens by die hoofhek en word van die bane gesluit. Daar moet meer mense aan diens wees met spitstyd sodat meer bane oopgemaak kan word."

Lindsay Cillliers said "I think they make a big fuss about stopping at stop signs and ignoring other traffic signs when the paint is actually faded or the signs are not visible enough.

"Parking is a huge problem. Maybe they should decrease the parking spaces for lecturers because some of them are empty nearly all the time."




Mich Herbst glo ook die hoofhek is 'n probleem. "Ek verstaan nie hoekom die linkerkantste stopstraat daar is nie, want die baan gaan dan reguit aan? As jy wil ry, moet jy eers wag dat ander kan ry. Hulle moet die stopstrate wegvat of toegeetekens daar opsit."

## Hokaai, ons doen nie niks

Die verkeersituasie op die kampus word deurlopend dopgehou. Verskeie stappe is in werking om die verkeersdruk teen huistoegaantyd te verlig en nog veranderinge kan kom.

Dit is die boodskap van me. Edma Pelzer, direkteur Fisiese Hulpbronne en Spesiale Projekte.

Oor klagtes by die ingang in Nelson Mandela-rylaan, sê sy 'n opname in spitstye het getoon dat nie meer as 11 motors op 'n slag daar wag om by die kampus in te draai nie. Dit is nie "verskriklik" nie.

Sy sê die Bloemfonteinse munisipaliteit doen die instelling van die verkeersligte en aanbevelinge is in hierdie verband aan hulle gemaak.

Verkeersdrukte na Universitas is ook aansienlik verlig met die hek in DF Malherbe-rylaan wat nou heeldag oop bly. Verkeer sal altyd hier opdam omdat daar nie nog 'n verkeerslig aangebring kan word nie. Planne word egter oorweeg om die ingang na die verkeerslig te skuif.

In die proses sal afdakke van die Mediese Fakulteit verskuif word.

Sy het op 'n vraag waarom die Landbou-hek nie oopgemaak word nie, gesê 'n tekort aan sekuriteitspersoneel is die vernaamste rede. Uit 'n beplanningsoogpunt is dié hek geoormerk as die hoofingang na die kampus. Dit is maklik om die studentesentrum van hierdie ingang af te bereik.

"Uit 'n strategiese beplanningsoogpunt wil die UV nie die sein gee dat hy afgekamp van die res van Bloemfontein wil wees nie, sê me. Pelzer. Uit 'n fisiese beplanningsoogpunt is die UV ook ten gunste van meer in gange, maar dit beteken meer mense om die ingange te beman.

Me. Pelzer sê die UV is ook bekommerd oor voetgangerverkeer op die kampus. Baie Kovsies kom die kampus te voet langs Grey Kollege by die hek in Nelson Mandelarylaan binne. 'n Voetganger-oorbrug sal teen die middel van die jaar opgerig word op die punt waar die stopteken nou by die ingang is.

Motoriste kan dus nou reeds leer om hier te stop.

Terloops dié stopteken is nie 'n "fout" soos sommige personeel en studente neem nie. Motoriste wat dit verontagsaam, gaan beboet word.

## Inlywing van Vista vorder

**Die eerste vergadering met die oog op die inlywing van die Bloemfontein-kampus van die Vista-universiteit by die Universiteit van die Vrystaat is onlangs by Vista gehou.**

Die gesprek was hoofsaaklik om kennis te maak, inligting in te win en toekomstige gesprekke te formaliseer.

'n Konsepmemorandum is intussen deur die nasionale Departement van Onderwys beskikbaar gemaak waarvolgens beplanning kan geskied.

Die departement het 1 Januarie aanstaande jaar as riglyndatum vir die inkorporering voorgestel.

'n Prosesdokument wat deur mnr. Paul Helepi van Nehawu opgestel word, het voor die UV se uitvoerende bestuur gedien.

Ethical...from p1

## Molao wa Boitshwaro bo Botle e seng ntho e mpe

**Yunivesithi e sa tswa amohela molao wa boitshwaro bo botle bakeng sa basebetsi. Basebetsi ba tla tseba hore na ke eng se lebeletsweng ho bona sebakeng sa tshebetso. Ho tsebiswa kapa ho hlahiswa ha dintho tse mpe le hona ho tla etsuwa ka ntle le ho ahlola motho.**

Monghadi Gert van der Berg, mohlahlobi wa dibuka ya sebetsang ka hara Yunivesithi, are molao wa boitshwaro bo botle ha se ntho e mpe. Mekgatlo e meng le mekgatlo ya mesebetsi e meholo (maatskappye) e se e ntse e sebedisa molao wa boitshwaro bo botle oo basebetsi ba tshwanetseng ho o phethahatsa.

Molao wa Boitshwaro bo Botle o hlalosa hore na ke eng se lebeletsweng ho basebetsi, hore na motho o tshwanetse ho tsamaya jwang le hore o tshwanetse ho hlokomedisa batho ba nepahetse dintho tse mpe. Tabeng e boletsweng mona hodimo ho ile ha etsuwa dipatlisiso nakong e fetileng. "Basebetsi ka mehla ha ba tsebe hore na ba etse eng ha ba tseba ka dintho tsena tse mpe.

# NUUSBROKKIES



## Prysuitdeling

**Die Sentrum vir Rekeningkunde aan die Universiteit van die Vrystaat se prysuitdelingsfunksie word jaarliks deur rekenmeestersfirmas in Bloemfontein geborg.**

Mense wat vanjaar se geleentheid bygewoon het, is van links, voor: mnr. Wessel Smit van die Sentrum vir Rekeningkunde, prof. Hentie van Wyk, Programdirekteur: Rekenmeestersopleiding aan die UV, mnr. Connie Bruwer van P.C. Bruwer & Vennote, mnr. Daya Naiker van Gobodo Incorporated en mnr. Neels Howard van PricewaterhouseCoopers. Agter is mnre. Wayne Beelders van Moores Rowland, Nick van Niekerk en Erick Liebenberg van Moores Rowland.

## Eeufeesvieringe

Hou die dagboek reg vir aanstaande jaar se eeufeesvieringe, sê Jan Ras, dosent in Argitektuur en argitek van Bloemfontein wat die groot taak op hom geneem het om aanstaande jaar se vieringe te koordineer. Moenie aanlapsels verwag nie. Jan wil hê mense moet jare daarna nog hierdie besondere jaar in die universiteit se geskiedenis in herinnering roep.

"Gewone aktiwiteite moenie net 'n eeufees-etiket kry nie. Alles moet anders wees - van die jool tot die gradeplegtigheid. Van elke geleentheid moet iets spesiaals gemaak word."

In die vieringe sal ook aandag gegee word aan permanente nalatingskappe soos die beeldende en uitvoerende kunste.

Hy sê hy wil ook internasionaal belangstelling in die UV wek. "Die eeufees het wyer bemarkingsimplikasies vir die UV."

Belangstellendes kan Jan kontak by Jan Ras Argiteksgroep BK, tel: (051) 447 1730, faks: (051) 447 4759 of per e-pos by admin.fsia@saia.org.za.



## Sports Plan will make UFS Centre of excellence

**The Sports Plan will make the UFS an international centre of excellence in sports development, exercise science, sport research and sports performance within five years, Prof. Frederick Fourie, Rector, said at the launch of the new Sports Plan for the UFS.**

"Sport will help us to build a university of quality, equity and multiculturalism," he said.

The Sports Plan is manifestation of the new radical way in which the UFS thinks sport must be practised. Prof. Fourie said the main goal of the strategy is to lift sport at the UFS to a significant higher level of performance and quality and to build up the Free State's national sport profile.

The strategy entails an additional investment of R3 million over the next three years to the provision of sport and sports facilities at the UFS. Partnerships and sponsorships will also add to the amount.

The Sports Plan is a culmination of intensive work under the leadership of former rugby captain Morné du Plessis and his company.

Prof. Fourie said the UFS is committed to excellence in the classroom and on the sports field. "It is part of the UFS's role in society and the community. The UFS is embedded in the community and has the task to help build the community in all respects. The UFS can help to revitalise the province, he said.

"We serve the Free State and the nation in this regard," he said.

He also mentioned the influence of sports and said sports players perhaps have a bigger influence on the youth than captains of industry.

"People are getting together because they are doing things together. Sport helps to break down stereotypes."

Soccer was identified as one of the main focus and development areas for the UFS. A place in the Castle soccer league was bought for the Kovsie first team. A Cheetah Rugby Centre of Excellence will also provide professional support services to rugby players in the province. The establishment of a swimming academy is also on the cards.

## Dipapadi di tla bontsha tswelopele

**"Dipapadi di tla re thusa ho bopa yunivesithi e nang le boleng, eo ho se nang phapano pakeng tsa banna le basadi esita le ya merabe ya dipuo tsohle", sena ke se ileng sa buuwa ke Moprof. Frederick Fourie ha ho ne ho thakgolwa Moralo o Motjha wa Dipapadi tsa Yunivesithi ya Free State.**

Moralo wona wa Dipapadi o tla etsa hore Yunivesithi ya Free State e be setsi sa makgabane sa matjhaba ntshetsopeleng ya tsa dipapadi, tshebediso ya tsa mahlalehlale, dipatlisiso ho tsa dipapadi ekasita le ho sebetsa ka matla dipapading dilemong tse hlano.

Moralo wona wa Dipapadi ke mohlodi wa mokgwa o motjha o tiileng oo ka wona Yunivesithi ya Free State e nahang hore dipapadi di tshwanetse ho bapalwa. Moprof. Fourie a re sepheopheo sa leano lena ke ho phahamisa kapa hona ho nyolla dipapadi Yunivesithing ya Free State ho ba boemong bo phahameng ka ho fetisisa ba papadi esita le boleng le hona ho bopa setshwantsho sa dipapadi tsa botjhaba sa Yunivesithi ya Free State.

Leano lena le kenyeleditse matsete a keketso ya dimiliyone tse R3 nakong ya dilemo tse tharo tse tlang bakeng sa dipapadi le menyetla ya dipapadi Yunivesithing ya Free State. Batho ba sebetsang ha mmoho esita le batshehetsi le bona ba eketsa ho tsa ditjhalete. Moralo wa tsa Dipapadi ke sehlohlolo sa rona.

# Prof. Mbati's powers confirmed

**The Rector of the UFS, Prof. Frederick Fourie, confirmed the devolution of all operational power necessary to run the Qwaqwa campus, to the head of the campus, Prof. Peter Mbati.**

The devolution of powers to Prof. Mbati will enable and oblige him to manage the campus operationally within the policies and regulations of the UFS, within the budgetary parameters of the Qwaqwa campus, with consultation with Bloemfontein line managers as necessary, and with concomitant accountability, Prof. Fourie said.

The commitment was made at the Qwaqwa campus on Wednesday 16 April following two days of class disruption by students who had been making several demands regarding the functioning of the Qwaqwa campus. Some of these related to frustrations with regard to Qwaqwa managers passing on all decisions to managers on the campus in Bloemfontein.

"This must be understood as part of the transition and the complexity of a two-campus system, which has created uncertainty amongst managers on both campuses," says Prof. Fourie.

On Monday afternoon (14 April) students barricaded the campus, preventing staff from leaving the campus until about 20:00 - a move which has been condemned strongly by both Prof. Fourie and Prof. Mbati.

Commenting afterwards, Prof. Fourie said that unlawful behaviour and the disruption of the institution were not acceptable at all. Management members are always ready to discuss concerns with students or staff, and these channels must be utilised if a quality campus is to be maintained. He said that managing a multi-campus university was a complex process and that solutions to the teething problems being experienced as a result of the incorporation had to be found jointly by the two UFS campuses, their students and their staff.

Addressing a mass meeting of students, Prof. Fourie also announced a prior executive committee decision that Prof. Mbati was no longer occupying an acting position as campus head but a permanent one.

An issue that concerned students was the return to the Qwaqwa campus of library books that had been taken to Bloemfontein to be catalogued to provide an efficient electronic service. A large number of the books have already been processed and returned to the Qwaqwa library. The cataloguing process will continue, but will obviously take much longer, students were told.

The Rector also explained the efforts to obtain more NSFAS financial aid for Qwaqwa students. Since the UFS did not want to turn away academically deserving students who were in financial need, the limited NSFAS funds and UFS loans had been distributed more thinly amongst students to enable more to register.

This has led to students running out of money for meals, requiring so-called meal top-ups. Students were informed by Prof Fourie that more credits for meals had been made available to those students receiving financial aid until additional funding became available from government. This means that students are now receiving advances from the funds they hope to receive later in the year. Whilst merely postponing the problem of funding their tuition and accommodation, at least it enabled them to provide in their most basic needs of existence.

Concerning the issue of the state of residences, students were told that the upgrading of the campus infrastructure would depend on the government providing the funds. It should start later this year, following government's renewed commitment to an approximately R12-million programme for the Qwaqwa campus.

Other routine maintenance would be carried out in the meantime, but the state of the residences implies that a huge backlog of work has been inherited by the UFS.

It was also indicated to students that their concerns regarding the unavailability of the Student Representative Assembly (SRA) budget had been addressed through a recent payment, but that details of this matter would be discussed by the student body.

Academic issues relating to class scheduling clashes and classes apparently not taking place have been receiving the attention of the Acting Academic Head of the Qwaqwa campus, Prof. Pieter Keulder.

At a meeting with staff concern was expressed about the actions of students in holding staff "hostage". It was agreed that criminal action would no longer be tolerated as there were avenues for students to express their grievances in a manner that did not infringe on the rights of others.

It was recommended that there must be an agreement with students on the ground rules for engaging with management on matters that were of concern to students. A system has to be developed that would be in the interest of quality decision-making and the viability of the campus. The Rector referred this task to Prof. Mbati, Prof. Teuns Verschoor, Acting Vice-Rector: Student Affairs, and Ms. Hloni Maboe-Phike, Acting Head: Student Development at Qwaqwa.

Prof. Mbati also indicated that a strategic planning process for the Qwaqwa campus should be initiated by the campus leadership. Prof. Fourie heartily encouraged this, given that the current campus situation is not viable - it either has to double its students numbers or halve its staff and other expenses within the three to five year "window" provided by the government funding plan for the campus.

## Ho tiiseditswe matla a neilweng Moprof. Mbati

Moreketoro wa Yunivesithi ya Free State, e leng Moprof. Frederick Fourie, o fane ka tiisetso ya matla ohle a tshebetso a hlokehang ho hlooho ya lekala la Yunivesithi ya Free Sate e leng Moprof. Peter Mbati ho tsamaisa lekala lena la Yunivesiti ya Free State la Qwa Qwa .

Ho newa matla ho Moprof. Mbati ho tla mo kgontsha le ho mo tlama ho tsamaisa lekala la Yunivesithi ena ka ho sebetsa ka hara metjha ho ya ka maano le melawana ya Yunivesithi ya Free State, ka hara tekanyetso-kabo ya lekala la yunivesithi ya Qwa Qwa a sebedisana le batsamaisi ba Bloemfontein jwalo ka ha ho hlokahala jwalo, le ka boikarabelo bo tsamayang mmoho le tsena, ho realo Moprof. Fourie.


# Kellogg board visits MUCPP

**The board of the Kellogg Foundation of the United States recently visited the Manguang University of the Free State Community Partnership Programme (MUCPP) in Mangaung, Bloemfontein.**

Kellogg contributed R21 million from 1991 to 1997 to community partnership programmes in the township and committed him to another R2 million over the next three years. Here Ms. Dottie Johnson (middle), president of the board of trustees of Kellogg, received gifts from Ms Doreen Medupe, site manager at MUCPP and Mr Mpho Mojamage, community leader on the board of MUCPP.



# Internationale kenner bied werkswinkel vir kommunikasiestudente aan



**VLNR: Matau Setshase (student), Knight, Patrick Meyer (student) en Elsabe Pepler (dosent in Mediastudie).**

Tim Knight, 'n internationaal erkende opleier in televisiejoernalistiek, het 'n werkwinkel vir meer as 150 studente in die Departement Kommunikasie en Inligtingstudie aangebied. Knight, wat van Kanada afkomstig is, het reeds duisende televisiejoernaliste in meer as 20 lande opgelei. Dit sluit lande soos Brittanje, die VSA, Rusland, Bosnië, Duitsland, Finland, Jamaika en Spanje in.

Die werkwinkel het gefokus op storieverteltegnieke wat in die vervaardiging van nuus-en dokumentêre televisieprogramme gebruik kan word.

# SHOSO ryg doktorsgrade in



**Presteerders van die Sentrum vir Hoëronderwysstudies- en Ontwikkeling saam met hul studieleiers/promoters. Hier is van links Dr. Phillip Collett, Dr. Lilla du Toit, Dr. Arlys van Wyk, Prof. Driekie Hay, Dr. Adri Beylefeldt, Prof. Eli Bitzer, Dr. Mabokang Mapesela en Prof. Henk van der Spuy.**

**Akademiese steundienste lewer gewoonlik nie akademiese prestasies nie. Vanjaar was egter die uitsondering toe die Sentrum vir Hoëronderwystudies en Ontwikkeling (SHOSO) aan die UV met vier doktorsgraad- en drie meestergraadstudente op die jaarlikse gradeplegtigheid kon spog.**

Prof. Magda Fourie sê dit is seker die eerste keer in die geskiedenis dat 'n steundiens soveel doktorsgraadstudente by een gradeplegtigheid opgelewer het.

Dit is deels ook 'n teken van die geweldige transformasie in die hoëronderwys die afgelope paar jaar.

Die mense wat doktorgrade onder die promotorskap van prof. Driekie Hay, waarnemende direkteur van die SHOSO gekry het, is:

Adri Beylefeld: Integration and assessment of critical outcomes in a learning programme for first-year medical students

Mabokang Mapesela: Staff satisfaction in a South African university undergoing transformation

Phil Collett: Developing the academic literacy of undergraduates studying by distance education in South Africa, en

Lilla du Toit: Quality assessment of the management of an instructural offering process: Research Methodology in the B.Tech. programme in technickons: as system approach.

Dr. Arlys van Wyk se proefskrif is met 'n internasionale toekenning bekroon. Prof. Wilfred Greyling was die promotor en prof Hay die mede-promotor.

Die SHOSO het tans 30 ingeskrewe meestegraadstudente en twintig doktorale studente. Studente word landwyd getrek.

## Mooirivier se nuwe konsultant



Huibrie du Toit van Mooirivier Makelaars Bloemfontein sal voortaan na die korttermynversekeringsbehoeftes van kliënte omsien. Die alom beminde mev. Winnie Henning van die bemarkingskantoor het besluit dit is tyd om skoene uit te skop en haar aftrede rustig te gaan geniet.

Mooirivier Makelaars herinner kliënte daaraan om seker te maak dat hulle *Do not tow*-plakkers wel op hul voertuie aangebring is. Me. Du Toit nooi mense om hulle gerus met navrae by (051) 447 6877 te kontak.

## Arlys honoured for research



**Dr. Arlys van Wyk of the Department of English and Classical Literature was honoured by the Belgian Government for her research on English reading skills to achieve success on tertiary level.**

Her thesis was chosen from 260 entries from developing countries and evaluated by 13 experts from Belgium and France. Researchers who work and live in developing countries could enter for the award. Her study focused on the Career Preparation Programme (CPP) of the UFS and the influence of poor reading skills on students' success on tertiary level.

# Top 300

**The University of the Free State has recently been nominated as one of South Africa's top performers in the education sector and will be included in this year's issue of South Africa's Top 300 Companies - National Editions, a record of leading organisations in business and industry in South Africa.**

The nomination follows research of 5 000 companies, municipalities, government departments, educational institutions, agencies and other organisations in 150 sectors of the economy.

# Wat gebeur by die fakulteite?

Deur Ilse Olivier

**Die Universiteit van die Vrystaat staan aan die vooraand van sy eeufeesvieringe. Volgende jaar sal ons kan terugkyk oor 100 jaar waarin die Universiteit gegroei het van 'n tweevertrekgeboutjie met 6 B.A-studente, na 'n instelling met ses fakulteite, twee kampusse en meer as 18 000 studente.**

Die inhuldigingstoespraak van prof. Frederick Fourie het opnuut klem gelê op die UV se volgehoue diens aan die gemeenskap. Fakulteite het hulle deeglik gaan voorberei om aan hierdie strategiese prioriteit te voldoen.

Die **Fakulteit Geesteswetenskappe** se visie vir vanjaar is om 'n voortreflike en innoverende fakulteit te wees wat gelykberegtiging nastreef en ingestel is op die behoeftes van die samelewing. Hy het ver gevorder om die visie te bereik. soos wat prof. Gerhardt de Klerk, Dekaan van die fakulteit, verduidelik:

"Om gehoor te gee aan die visie wat ons vir onsself gestel het, is 'n hele aantal vroue uit die agtergeblewe groepe met behulp van regstellende fondse bevorder. Nuwe, opwindende graadprogramme is op die tafel om ook in die groot vraag na geesteswetenskaplike opleiding te voorsien. So byvoorbeeld, is daar grade wat fokus op leierskap en toerisme. Studenteregistrasie vir vanjaar toon dat daar 'n hernude belangstelling in die geesteswetenskappe is. Daar was 'n toename van 40% in nuwelingeerstejaargetalle en veral vir die B.A.-studierigting was daar 'n toename van 83%."

Een fakulteit wat opnuut wil besin oor die manier waarop hy in die toekoms gaan funksioneer, is die **Fakulteit Teologie.** Vanjaar in die bekwame hande van die waarnemende dekaan, prof. Hermie van Zyl, beplan hierdie fakulteit 'n formele strategiese beplanningsessie met 'n eksterne fasiliteerder.

"Aspekte soos wie ons is, waarheen ons op pad is en watter diens ons aan die studente lewer, sal alles deeglik oordink en bepraat word. Oor een ding is ons wel seker en dit is ons visie vir die fakulteit: Ons wil graag 'n ekumeniese fakulteit wees waar soveel as moontlik denominasies die geleentheid kry om opleiding te ondergaan. Ons lei daarom nie net studente vir die NG Kerk op nie - soos dikwels verkeerdelik gedink word - hoewel hulle, saam met die NG Kerk in Afrika-studente, op die oomblik die grootste gros van ons voorgraadse studente uitmaak.

"Ons volg egter wel die gereformeerde tradisie deurdat ons studente oplei op die gesag van die Skrif en op grond van gereformeerde beginsels. Verder is ons ook evangelies, met ander woorde ons maak voorsiening vir ander denominasies wat ook glo dat die boodskap van die verlossing van Jesus Christus aan die wêreld verkondig moet word," sê prof. van Zyl.

Hierdie visie stel wel 'n paar praktiese uitdagings wat deeglik by die strategiese beplanningsessie ondersoek sal word. "Ons eie dosente is vanuit die gereformeerde tradisie opgelei. Ons studentekorps begin egter ook studente vanuit die Anglikaanse, Roomse en AGS-tradisie insluit en dit stel nuwe uitdaging ten opsigte van byvoorbeeld die kerkgeskiedenis en kerkreg aan ons dosente. Ons wil egter nie kerke teen mekaar afspeel nie, maar probeer eerder hierdie probleem oorkom deur 'n breë gereformeerd-evangeliese opleiding te verskaf en dan tydelike dosente te kontrakteer vir praktykopleiding."

## Diens aan gemeenskap 'n prioriteit

Vroeë aanduidings toon dat die **Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe** weer vanjaar 'n stewige groei teenoor die vorige jare gaan ervaar. Gebaseer op die voorlopige getalle, blyk dit dat die nuwelingeerstejaars in ekonomiese en bestuurswetenskappe sedert 2000 met 110% gegroei het, terwyl die getal nagraadse studente oor dieselfde tydperk met sowat 93% toegeneem het.

"Dit is teen hierdie agtergrond van feitlik onbehoorlike groei, dat die fakulteit vanjaar gekonfronteer word met die uitdaging om gehalte op dieselfde vlakke as in die verlede te handhaaf, en selfs verder te verbeter. In die strewe na optimale gehalteversekering is die infasering van geïntegreerde samelewingsdiensleer een van die kritieke areas wat hoë eise aan elke personeellid van die fakulteit gaan stel," sê prof. Tienie Crous, Dekaan van die fakulteit.

Hy sê dat 'n algemene kultuur en gees van mede-eienaarskap ten opsigte van alles in die fakulteit gekoester en bevorder word, en dat dit die oorweldigende aard van die uitdagings ietwat getemper. Elke persoon in die fakulteit gaan vanjaar opnuut daartoe bydra om die vele insiatiewe van die fakulteit, tot voordeel van Universiteit, suksesvol te ondersteun en effektief uit te voer. Hierdie inisiatiewe sluit in die BML- en MDS-programme, e-leeraktiwiteite, die gladde inskakeling van die Qwaqwa-aktiwiteite en veral internasionale posisionerings-inisiatiewe. Ten opsigte van laasgenoemde het die vraag na die BML, MBA, en B. Com.-programme vanweë die fakulteit se e-leerinisiatief en innoverende leer-metodes veral in Afrika skerp toegeneem. Die operasionalisering van buitengewone eise aan die hele fakulteit stel, iets wat met groot begrip en omsigtigheid bestuur sal moet word.

Vir prof. Johan Henning, Dekaan van die **Fakulteit Regsgeleerdheid** is daar geen twyfel oor die visie van die fakulteit nie: dit is dat alle personeel van die Fakulteit Regsgeleerheid alles in hul vermoë doen om te verseker dat dit steeds die beste regsfakulteit in die land bly.

Dit behels merendeels dat ons beplan om keuring in te voer vir toelating tot die fakulteit, om die beste kwaliteit studente te trek en alle programme van die fakulteit op die internet te plaas en om meestergrade in die regte ingevolge 'n samewerkingsooreenkoms met buitelandse instansies aan te bied in Brittanje, Kenia en elders. Verder beplan hy om 'n nuwe doelgerite regsgraad in te voer vir aanklaers en openbare verdedigers en om minstens twee internasionale en interuniveritêre skynhofkompetisies te hê.

Volgens prof. Henning beywer die fakulteit hom ook doelgerig om fisiese fasiliteite deurlopend te verbeter. So word beoog om al die dosente van die fakulteit se kantore te sentraliseer deur parkeerruimtes van die C.R. Swart-gebou in kantore te omskep en bykomende kantore in die Johannes Brill-gebou in te rig. Toegangsbeheer by die C.R. Swart-gebou gaan ook opgeskerp word en praktiese stappe geneem word om geraas af te skerm van dosentekantore. Verder gaan toegang vir gestremdes tot verskillende vlakke van die C.R. Swart-gebou moontlik gemaak word deur die installering van 'n hysbak.

"Ons gaan ook skakeling tussen die Fakulteit Regsgeleerdheid, die hooggeregshof en die appèlhof te optimaliseer deur soveel as moontlik regters te betrek as dosente, eksaminatore, promotors, gesprekleiers, en die meer," sê prof. Henning.

Prof. Daan de Waal is aangewys as sekundus-dekaan vanaf Maart vanjaar. Een van die grootste uitdagings van die fakulteit is die aanwysing van 'n nuwe dekaan in die plek van prof. Gerrit van Wyk, wat as Waarnemende Viserektor aangestel is.

Hierdie fakulteit volg reeds 'n innoverende bestuurstelsel waarvolgens portefeuljekomitees sekere verpligtinge van die dekaan hanteer. So byvoorbeeld tree die voorsitter van 'n portefeuljekomitee namens die dekaan op in sy portefeulje.

# Kampuskoshuise bars uit hul nate

Deur Sarina Myburgh

**Eetkamers op die kampus verdwyn een na die ander om in die groeiende vraag na studente-akkommodasie te voorsien. Soveel so dat die inwonende studente met twee "koshuise" aangegroei het.**

Daar is onder meer in twee dameskoshuise aangebou. Huis Wag-'n-Bietjie se eetsaal is verlede jaar omskep in 24 enkelkamers met twee gangkombuise en twee badkamers. Begin vanjaar het 38 seniors van Vergeet-my-Nie ook ingetrek in splinternuwe enkelkamers wat gebou is in die vorige eetsaal, matronewoonstel en gedeelte van die binnehof.

Volgens me. Esta Knoetze, Assistent-Direkteur by Departement Verblyfdienste, was die motivering vir die aanbou van nuwe seniorkamers dat residensiële studentegetalle voortdurend toeneem. Om die verblyfskapasiteit te vergroot, is onbenutte ruimtes in koshuise geïdentifiseer en omskep in wooneenhede vir senior studente.

In Kiepersol ('n seniormanskoshuis) se eetsaal is 29 enkelkamers aangebou en senior internasionale mansstudente maak van hierdie kamers gebruik. Verdere voorsiening vir die akkommodering van internasionale studente is gemaak deur die Sentrale Kombuis 3-kompleks in 36 enkelkamers, wat in vier eenhede verdeel is, te omskep. Hierdie nuwe wooneenhede staan voorlopig bekend as Marula.

Die vergroting van verblyfkapasiteit hou 'n voordeel vir die UV in omdat addisionele studente gehuisves kan word. Deur van leë onbenutte ruimtes gebruik te maak, is die omskeppings ook teen 'n laer koste gedoen teenoor die oprigting van 'n nuwe gebou.

Volgens me. Knoetze bestaan daar egter 'n behoefte vir verdere uitbreidings. Koshuise waar leë ruimtes benut kan word, is reeds geïdentifiseer en daar sal met betrokke koshuisinwoners onderhandel word.

Behalwe vir die aanbou van nuwe wooneenhede, het die Departement Verblyfdienste ook ander stappe geneem sodat meer eerstejaarstudente vanjaar in residensiële koshuise kan woon.

Huis Emily Hobhouse was vroeër 'n seniordameskoshuis. Vanjaar het dit egter sy deure as 'n juniorkoshuis oopgemaak. Die seniors wat vroeër in die koshuis gewoon het, is in ander seniorkoshuise geakkommodeer. Waar seniors vroeër alleen in 'n dubbelkamer gebly het, kan dubbelkamers nou deur twee eerstejaarstudente bewoon word. Dit het tot gevolg gehad dat Emily Hobnouse se kapasiteit vergroot is tot 156.

Karee en Tswelopele het tot nou 'n gebou gedeel. Weens die vraag na akkommodasie van eerstejaars, het beide koshuise versoek dat hul kapasiteite vergroot word. Met Kiepersol se uitbreiding kon die senior studente in die nuwe wooneenhede geplaas word. Deur Tswelopele na die tweede vloer van Kiepersol te verskuif, is die kapasiteit vanaf 53 tot 91 verhoog. Tswelopele behou sy naam en deel die gebou met Kiepersol. Karee se kapasiteit het van 94 tot 147 verhoog.

Verdere onderhandelinge word met ander bestaande seniorkoshuise gevoer oor die moontlike alternatiewe aanwending daarvan. Volgens me. Knoetze word daar gepoog om mettertyd hoofsaaklik verblyf aan junior voorgraadse en senior nagraadse (veral internasionale) studente te voorsien.

Van weë bogenoemde stappe kon daar vanjaar 346 meer studente gehuisves word. Dit is genoeg vir twee koshuise.

Die inwonergetal staan vanjaar op 'n nuwe rekordgetal van 3291 (met 1030 eerstejaars) teenoor 2947 van 2002.



**Van die mense wat die heropening van Huis Emily Hophouse as 'n junior koshuis bygewoon het: Hier is van links mnr. Willie Mostert, Adjunkdirekteur: Verblyfdienste aan die UV, mev. Louisa Harold, koshuishoof, prof. Teuns Verschoor, waarnemende Viserektor, mee. Carli Potgieter, primarius, Shirley Thiart, onderprimarius, en dr. Natie Luyt, waarnemende Studentedekaan.**

## AIDS policy drafted for UFS

**The UFS believes the most effective way of managing HIV/AIDS in the workplace and combating discrimination and prejudice in this regard, is the implementation of a HIV/AIDS policy for the institution.**

Earlier this month a draft policy served before the Executive Management Committee, but was referred to the UBD (Exco of the Exceutive Management) for a clear process of consultation to be designed.

The UFS is committed to providing a safe working environment. The policy will provide guidelines for the handling of employees, students and situations where the issue of HIV/AIDS related illnesses arise.

## Visit from down under

Prof. Tim Roberts, Deputy Dean of the Faculty Science and Technology of the-University of Newcastle in Australia visited the UFS's Department of Microbiology at the Faculty of Health Science in April to discuss future collaborative research between the two univerities.

Mrs. Anne-Marié Pretorius of the Department, said the two universities are probably working together for the first time.

A team from Australia might visit the UFS again in September. The university in Gaberone, Botswana, might also take part in the research which will be done on tick-borne diseases and the underlining causes of chronic diseases.



**Die Teologie-fakulteit het onlangs afskeid geneem van die vorige Dekaan, prof. Pieter Potgieter (links). Hier is hy en sy vrou, Diana, aan tafel by prof. Sybrandt Strauss.**

# Vyf minute

**Dagsê! Al weer vêr in die nuwe kwartaal in! Maar ek sien glimlagte oor die salarisverhogings, herskommelings en aanstellings in die topbestuur en bevorderings onder akademi.**

Hoe het Mikro se Matewis nou weer vir Meraai gesê toe hy faktotum by die skool geword het? *"Meraai... Jou Stil Matewis het hom nou tot die onderwysberoep bekwaam!"*

Ek sê nog altyd ons is te nederig oor ons prestasies. Allakragtie! Die UV se studentegetalle bars uit sy nate! Nuwe PeopleSoft-hoofraamprogramprogrammatuur word aangekoop en orals word gebreek en gebou soos die UV se opgradering voortsnel!

Buitelandse studente verkies Onse Plekkie as die Plek van Voorkeur, die Eeufeesvieringe se beplanning is op volstoom, die inkorporering met Qwaqwa loop skynbaar op vaste spore en dan kom die Volksblad Kunstefees ook nog in Julie met die room van produksies van die KKNK, Aardklop en plaaslike talent.

Moenie net werk nie! Kom geniet die vreugdes wat onse plekkie aanbied ook!

Lekker by die UV nou se dae! Soos die Langplaasboere van die Karoo met hulle donkiekarretjies en paar stuks los bok altyd sê as hulle op 'n struikie hoër as 'n meter langs die stofpad afkom: *"Hier'so smaak dit my salle méns mos sommer hun ordintlike staning kan staanmaak!"* Moet sê die verkeersprobleme is baie minder daar as op die kampus! En ai!

As ons net nou eenmaal almal klaar *Chinese Checkers* oor die kampus gespeel het en weer 'n slag kan 'n *ordintlike staning kan staanmaak!* Kan julle voorstel hoe wyle Prof. D. F. Malan nou sou verdwaal as hy weer sou stop en omdraai om sy pyp teen die wind brand te steek!

Die storie loop mos dat hy destyds so gemaak het op pad lesingsaal toe en voor hy hom kon kry weer by sy woning was. Allie pad teruggeloop en rook!

Kry julle ook partykeer so 'n *omdraaigevoel* op die eerste dag na die vakansie?

Ek kry dit altyd! Maar, soos Shakespeare gesê het: *"Just go through the moves! The passion will come by itself!"* Mammie sê ek lieg uit 'n boek uit - hy't dit nie gesê nie. *"Wys my waar!"* Toe sê ek maar net: *"As die hy was nie, dan was dit seker Elvis Presley!"* Toe glo sy my wragtag! Op die tweede dag loop alles weer normaal!

Ek hoor die vakansie 'n mooie by Rudie van Rensburg wat jare gelede by die ou Skakelburo gewerk het en nou groot kokkedoor by Sanlam in die Kaap is. Terloops - hy is die ou wat gereeld in *Die Burger* opkom vir die Vrystaat en die UV as die snobs daar ietwat neerhalend van ons mense praat.

'n Snob is mos 'n Roodepoorter wat op Stellenbosch kom studeer het!

Maar terug by die storie! 'n Bourekenaar, 'n argitek en 'n staatsamptenaar spog oor hulle slim honde. Bourekenaar roep sy hond, Calculus. Hond kom met skootrekenaar en sakkie hondebeskuitjies aangestap. Die pomp 'n paar klawers, lees die plan en bou 'n miniatuur replika van die Van Stadensbrug met die hondebeskuitjies. Argitek roep sy hond Archimedes. Hond kom met papier en potlood aangewandel. Ja! Argitektuurhonde *stap* nie, hulle *wandel!* Kyk maar vir Jan Ras! Hy't dit by sy hond aangeleer! Sy hond strek papier uit en teken op skaal die planne van die nuwe Studentesentrum - met mates en afhandelingsdatums! Staatsamptenaar roep sy hond: "ROMPSLOMP!!!" Die sluip 'n paar minute laat by die vergadering in - sonder *"tools"*. Rompslomp bekyk die spul, vreet die Van Stadenbrug op, doen sy ding op de Studentesentrum se planne, vry die ander twee honde vuurwarm en vat die middag af! En dis wat Bultjie nou gaan doen!

Totsiens! En *'seblief, moet my nie skors nie! Ek like my job!*

**Bultjie**

# BRIEWE



## Te besig om te help?

Ek is al vyftien jaar by die Universiteit werksaam en is baie gelukkig hier. Ek het egter 'n probleem met ons ondersteuningspersoneel by Rekenaardienste. Daar is darem personeel soos mnr. Renier Sonnekus, wat uit hul pad gaan om jou te help.

Ek het onlangs 'n probleem met ons netwerk gehad en dit was regtig dringend. Ek het die fout gerapporteer en by die tegnici probeer uitkom. Ek het hulle toe in die hande gekry en gevra of hulle nie dringend by my kan uitkom nie. Daar is toe aan my gesê dat hulle baie besig is en dat hulle die volgende dag by my sou uitkom. Ek het dit so aanvaar en besluit om maar halfdag in te sit en die middag op die gholfbaan deurgebring. Die middag op die gholfbaan sien ek toe die tegnikus wat blykbaar te besig is om my te kom help.

Nou wonder ek net hoe besig is die tegnici partykeer om te help, of het dit dalk net te maklik geword om te sê: *Ek is net gou uit, of ek is te besig? - Kollega*

**Briewe is meer as welkom.** Maak nie saak of mense wil kla of komplimente wil uitdeel nie. Briewe kan onder skuilname geplaas word, maar dit is belangrik dat die skrywer sy of haar naam byvoeg - wat beslis nie geplaas sal word nie. Dit sal altyd hoogs vertroulik bly. - *Redakteur*

# KLIPPIES IN MY SKOEN



## Sukkel maar met die Engels...

**Geen nugterdenkende kan ontken dat die UV nie 'n ander opsie gehad het as om die weg van parallel-medium onderrig in te slaan nie.**

Hoewel geensins ideaal nie, sou die meeste ander opsies vir ons in 'n groter akademiese moeras laat beland het.

Aan die anderkant is daar egter ook die gevoel by talle personeellede dat die owerhede nie altyd die gevolge van hul besluit om hierdie weg in te slaan, besef nie. Of dit dalk besef, maar nie veel daaraan doen nie. Voorbeelde is talryk. Maar my ondervinding nou die dag noop my om een uit te lig:

In die lokaal waar ek klas gegee het, het 'n paar oorgeblewe vraestelle gelê van 'n ander departement wat skynbaar in 'n vorige periode sy studente toets laat skryf het. Terwyl ek vir die aanvangstryd van my lesing wag, het ek deur die betrokke vraestel geblaai.

Wat 'n skok! Die Engelse vertaling was nie net taalkundig beroerd nie, maar ook in baie gevalle dubbelsinnig en onduidelik. My eerste reaksie was dat, indien my kind Engels-sprekend was en so 'n vraestel moet beantwoord, ek as ouer baie ernstig beswaar sou aangeteken het. Wat nog van al ons duisende Afrikataalsprekende studente vir wie Engels 'n tweede, derde of selfs vierde taal is.

Ek het ook geys by die moontlikheid dat die media 'n kopie van die vraestel in die hande kry. Dit het enkele jare gelede gebeur en voorbeelde van sodanige vraestelle van 'n ander universiteit is in 'n bekende Engelse Sondagkoerant gepubliseer. Nodeloos om te sê, tot groot verleentheid van die betrokke universiteit.

Alle personeel sal moet besef dat taal ook 'n wetenskap is en daarom korrek beoefen moet word - veral deur 'n opleidingsinstansie soos 'n universiteit.

Die oorsaak van hierdie probleem lê volgens talle personeel daarin dat daar nie die nodige fasiliteite bestaan om hierdie probleem aan te spreek nie. Die personeellede van die Taalburo (wie se primêre en eintlike taak eintlik is om die Administrasie van diens te wees) is so oorlaai met werk dat 'n mens skaam voel om hulle verder te belaai. Daarby is dit verder net nie moontlik om 'n paar weke vir die vertaling van vraestelle en ander werk te wag nie.

Kort en kragtig: Is die owerhede bewus van hierdie probleem? En veral: hoe beoog hulle om die probleem op te los?

*-Hoe nou gemaak?*

## Soek ook so 'n werk...

**Gee my asseblief... een goeie rede vir die volgende, en hoe aangespreek kan word:**

Hoekom is daar personeel wat absoluut ALLES insit vir hul werk en organisasie ... Wat dag en nag aarbei, wat so moeg word dat hulle op McDonald's se stoep wil gaan sit en in die verte tuur, maar nie eens die luukse kan geniet nie weens werksdruk... terwyl ander sukkel om die dag om te kry omdat hulle niks het om te doen nie en heeldag op die internet "surf".

Wie se "job description" hulle net toelaat om tussen 09:00 en 10:00 te loop vir pos. Met rooi oë van vaak voor die rekenaar te sit en speletjies speel en weier om 'n tree ekstra te loop omdat die "nie my job decription" is nie.

*-Ek-soek-ook-so-'n-job*

## Wandellaan nou vir karre?...

**Baie dankie vir die geleentheid om vrae te kan vra wat kwel, in hierdie geval verstaan ek nie die "method behind" nie.**

Ons het hierdie pragtige nuwe wandelgangetjies/paadjies wat sekerlik heelwat gekos het en nou gebruik die motoriste dit om op te parkeer en op te ry om onder die bome in die koelte bo-op die grasperke stil te hou?

Kan iemand dit vir my verduidelik?

*-Dom personeellid*

**Me. Edma Pelzer, Direkteur: Fisiese Hulpbronne en Spesiale Projekte, antwoord soos volg:**

*In die beplanning van die voetgangerwandelpaaie is voorsiening gemaak vir versperrings om voertuigverkeer daarop te verhinder. Dit lyk asof daar op een of twee plekke nie genoeg rekening gehou word met mense se vasberadenheid om naby hul werkplekke te parkeer nie en ons gee aandag daaraan.*

# Witan Hall takes the UFS to Brittain

**The UFS is to sign an agreement with Witan Hall which provides the University of the Free State with an opportunity to achieve its strategic objectives in internationalising its activities by utilising a campus in the United Kingdom which offers a gateway to Europe and the Far East.**

The ground-breaking agreement with the British university college Witan Hall in Reading means that the UFS will also have a "campus" in Brittain. It will also give Witan Hall the opportunity to further develop its internationally recognised programmes and assist the UFS to collaborate in various respects with a world class university.

Witan Hall provide qualifications and learning programmes focusing on transitional economies and societies. Its qualifications are validated by the City University of London. Partnerships with other British and American universities are in the process of being established.

The agreement between the UFS and Witan Hall is the result of an initiative of Prof. Barry Rider of the Institute for Advanced Legal Studies, University of London, who is an honorary professor of the Faculty of Law of the UFS. Prof. Rider is the Master (principal) of Witan Hall.

A UFS fact-finding mission has returned from Witan Hall and has endorsed the previous approval granted, in principle, by the management and Council for a co-operation agreement with Witan Hall. The fact-finding mission was conducted by Prof. Johan Henning, Prof. Helena van Zyl and Prof. Tienie Crous, as well as Prof. Frederick Fourie, Rector.

In terms of the agreement Witan Hall will initially offer the MBA and LL.M degrees of the UFS in Reading from January 2004. UFS staff will be involved in the provision of academic content, examinations and quality assurance, and will visit the campus for short periods for teaching or joint research.

While this will involve a limited number of students in the first year of the agreement (possibly 50), the potential spin-offs for the UFS are great. It will be a source of foreign revenue for the UFS, will offer UFS academics an entry point to and contact opportunities with British universities, and enhance the international standing of the UFS as a higher education institution.

"Daar is niks erger as
slegte advies nie."

*Sophocles, Griekse skrywer*


**"Daar is niks meer lonend
as goeie advies nie."**

***Ben Opperman***

IS JY OP SOEK NA ADVIES WAT JOU NA WELVAART KAN LEI? HIER IS DRIE GOEIE REDES WAAROM JY MET MY BEHOORT TE GESELS:

- Ek gebruik Sanlam se Alpha-beleggingshulpmiddel, wat ontwerp is om adviseurs by te staan met die voorsiening van nommerpas beleggingsadvies.
- Ek voldoen aan die vereistes van die nuwe Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste.
- Jy kan dié advies eerstehands ervaar by ons finansiële beplanningseminare regoor Suid-Afrika.

As jy dink jy kan voordeel trek uit onpartydige finansiële advies van hoë gehalte, skakel my.



**Ben Opperman**
**Senior Onafhanklike Finansiële Adviseur**
**benoprmn@intekom.co.za**
**(051) 407-8156 (w)**
**(051) 446-3329 (h)**
**(051) 447-9047 (faks)**
**082 457 2240 (sel)**

*Ons dink vooruit* Sanlam

Sanlam CI0552MS0938BPA

## Buitengewone Professors

**Prof. Peter Rosseel is aangestel as buitengewone professor in die Fakulteit Geesteswetenskappe. Prof. Rosseel is Direkteur van Lewenslange Leer- en Navorsingsontwikkeling aan die Universiteit van Leuven in België.**

Verder is hy professor aan die EHSAL Bestuurskool in Brussels en ereprofessor aan die Universiteit van Tashkent in Uzbekistan. hy bestuur verskeie navorsings- en onderwysprojekte vir die Europese kommissie en die Vlaamse Regering. Sewe van hierdie projekte is gemik op die implementering van Kurrikulum 2005 en uitkomsgebaseerde onderwys in Suid-Afrika. Hy het reeds in 2001 'n ereskild van die Universiteit van die Vrystaat ontvang vir sy uitstaande akademiese bydrae van nasionale belang en veral in belang van die UV.

Dr. Herman Scholtz is aangestel as buitengewone professor in die Departement Anestesiologie. Dr Scholtz is hoof uitvoerende beampte van Farmovs-Parexel aan die UV. Hy het sedert 1993 verskeie poste in Farmovs beklee, waaronder senior kliniese direkteur en hoof operasionele beampte. Dr. Scholtz is 'n opgeleide narkotiseur en is verantwoordelik vir die ontwikkeling van 'n glukoseklamp eenheid in 1995 wat onontbeerlik was in die ontwikkeling en registrasie van verskeie anti-diabetiese en insulienprodukte.

## Personeel presteer

Prof. Johann van Staden, van die Departement Vergelykende Opvoedkunde Vereniging van Suid-Afrika.

Prof. Daniella Coetzee, van die Departement Filosofie en Beleidstudie in die Opvoedkunde, is verkies as die Visepresident van die Opvoedkunde Vereniging van Suid-Afrika.

Prof. Sakkie Pretorius, van die Departement Plantwetenskappe, is vir die periode 2003 - 2006 as President van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plantpatologie aangewys.

Prof. Wijnand Swart, van die Departement Plantwetenskappe, is vir die periode 2003 - 2006 as Visepresident van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plantpateologie aangewys.

## Aangewys as raadslede

**Die volgende nuwe raadslede is by die vorige Raadsvergadering aangewys:**

Prof. Johan Henning, Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdeheid: Aangewys as verteenwoordiger van die Senaat in die plek van prof. Kerneels Nel.

Dr. M.D. Mosimege, nasionale Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie: Ministeriële aanstelling.

Prof. S.C. Walters, Universiteit van die Wes-Kaap: Ministeriële aanstelling.

## Baie geluk

**Bevorderings - Personeel:**
Dr. M.E. Setai is van 1 Maart as lektor aangestel.
Prof. W.J.C. van der Merwe neem tot 31 Desember waar as Departementele Voorsitter by die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe.
Mnr. J. Swanepoel sal waarneem as Departementele Voorsitter van die Sentrum vir Rekeningkunde.
Dr. J. Pretorius neem tot verdere kennisgewing waar as Departementshoof.
Prof. D.F. Tolmie neem tot einde vanjaar waar as Departementshoof van die Fakulteit Teologie se Departement Nuwe Testament. Hy is ook bevorder tot professor.
Prof. Janse van Rensburg van die Departement Praktiese Teologie is ook bevorder tot professor.
Dr. Charles Barker neem in die tweede kwartaal waar as Departementshoof by die Departement Geologie.

**By die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is die volgende mense bevorder:**
Dr. P. du Rand van die Skool vir Verpleegkunde na medeprofessor en
Dr. E. Mokgele na senior lektor.
By die Skool vir Geneeskunde is
Dr. B.F. Cooreman en Dr. C.A. Willemse bevorder tot medeprofessor.
Dr. S.M. le Grange is as eerste spesialis in die Departement Chirurgie (Padiatrie Chirurgie) aangestel.
Mej. R. le Grange het by me. R. Du Plessis oorgeneem as hoof van die Frik Scott-biblioteek.

# In memoriam

## Prof. Bobbert laat leemte



**Prof. Moritz Bobbert (69) het 'n groot leemte gelaat met sy dood in Maart vanjaar. Hy is as die grootste en lojaalste alumnus in regskringe van die Universiteit van die Vrystaat beskryf.**

Prof. Bobbert is na sy aftrede by die prokureursfirma Naudes in Bloemfontein as buitengewone hoogleraar aan die Fakulteit Regsgeleerdheid aangestel.

Kanker van die pankreas is in Oktober 2002 by hom gediagnoseer, maar hy het ondanks sy siekte voortgegaan met sy werk by die Universiteit van die Vrystaat.

Hy het sy regstudies in 1951 aan die UV begin en in 1955 die graad LL.B behaal. Hy was die direkteur van die Sentrum vir Regsetiek, die Sentrum vir Resgpraktyk en ook direkteur van die Ou Mutual-sentrum vir Boedelbeplanning aan die UV se Fakulteit Regsgeleerdheid.

Bobbert was ook lid van die redaksie van die Tydskrif vir Regswetenskap en die erepresident en stigterslid in 1961 van die toekenningskomitee van die Mortiz Bobbert-penning.

Prof. Johan Henning, dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die UV, het gesê die UV het een van sy grootste en lojaalste alumni met Bobbert se afsterwe verloor.

Bobbert se vrou, Anna, 'n voormalige musiekdosent aan die UV en orrelis in die stad, het gesê "Hy was 'n wonderlike mens. 'n Werkolis met 'n baie skerp brein wat dolgelukkig in die regs-wêreld was. Ek sal hom baie mis."

Bobbert word oor oorleef deur sy jonger broer, Claude, van Grootbrakrivier.

## Prof. Joubert oorlede

**Prof. W.A. (Adolph) Joubert, voorheen Dekaan van die UV se Fakulteit Eknonomiese en Bestuurwetenskappe, is vroeër vanjaar oorlede. Hy het aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer en is in 1958 aangestel as professor en hoof van die Departement Rekeningkunde en hy het kort daarna sy doktorsgraad gekry.**

Hy het in 1989 Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die UV geword en na sy aftrede in 1994 sy bande met die Departement Rekeningkunde as deeltydse dosent behou.

Prof. Joubert het op verskeie komitees van die SAIGR en die OROR gedien waar hy veral waardevolle insette gelewer het in die ontwikkeling van Rekeningkundige Standpunte. Hy was 'n kranige sportman wat veral uitgeblink het in tennis en rolbal.

# Bottom line




## Redakteursboodskap...

Te midde van talle bronne tot personeel se beskikking om ingelig te bly oor gebeure op die kampus, glo ek *Informa* het 'n besondere rol om te vervul en kan net suksesvol wees as dit nie net 'n eenrigtingkommunikasie-medium is nie.

Mense wil nie net weet waarheen Bestuur met die Universiteit op pad is nie, maar ook van mekaar se wel en wee. Dit is lekker om te sien 'n departement of persoon het presteer en dit spoor ook ander aan om iets soortgelyks of selfs beter te doen.

Daarom die uitnodiging aan almal om aan die proses deel te neem, hetsy deur my van nuuswaardighede te laat weet, of sommer 'n mening te lug.

Informa-groete

Leatitia Pienaar

## Advertensies


**VERTALING:** Professionele vertaling van tegniese, wetenskaplike of wiskundige dokumente uit Afrikaans in Engels. Bevrediging gewaarborg. Aanbevelings beskikbaar op aanvraag. Vir nadere besonderhede stuur 'n e-pos na zucker@mcmaster.ca

**NETJIESE** drieslaapkamerhuis te huur in Brandwag, baie naby aan die Universiteit. Nuut uitgeverf, en nuwe matte en Novilon. R2 000 per maand, onmiddellik beskikbaar. Kontak mnr. Du Preez by **(051) 401-2127.**


## Publikasiebesonderhede


Informa word saamgestel deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie

**Redakteur:** Leatitia Pienaar
**Medewerkers:** Ilse Olivier, Anton Fisher

**Uitleg:** Hot Cow Advertising

**Menings wat in *Informa* gelug word, weerspieël nie noodwendig dié van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die UV nie.**


## UFS gets language policy

**The Executive Management has provisionally approved a comprehensive draft language policy for the UFS which commits the university to a multilingual future in which the language rights of the UFS community will be respected.**

The language policy was conceptualised the past three years. With certain additions and amendments, the policy will be submitted to Council in June for approval.

Along with other policy initiatives which will be finalised during this year, such as employment equity, the language policy will further take the UFS on the road to a non-racial, non-sexist, multilingual and multicultural institution, committed to excellence, equity and innovation.

Afrikaans and English are designated as the main languages of the UFS, whilst the development and selected use of Sesotho, where the need exists, is supported and encouraged.

The policy respects, and is founded on, the UFS's vision and commitment to quality and equity, its mission as a university and an academic institution, its values, its socio-political, cultural and geographical environment, as well as its statute and the legislative and Constitutional environment.

Some of the objectives of the language policy are:

- to establish and extend institutionalised functional multilingualism at the UFS,
- to improve equity, access and success in higher education in the Free State,
- to manage language proficiency in the main languages (Afrikaans and English) as a strategic priority,
- to strengthen Afrikaans as an academic and scientific language,
- to support the development of Sesotho as a language of higher education, and
- to promote an ethos of cultural and language tolerance.


The policy also commits the UFS to make reasonable provision in its budget for the efficient and cost-effective implementation of the language policy. This includes provision for a cost-effective translation, interpreting and language facilitation services, within the constraints of affordability.

The document describes in detail how the language policy is to be implemented in teaching, research, community service and the management / administration of the campus. In addition to the confirmation and specification of the parallel-medium teaching policy, it specifies language policy for meetings, written communication and various administrative and management contexts. The detailed specifications should be a useful guide for staff in the implementation of the policy.

A language committee will be established which may request or initiate language audits or investigations into language matters on campus. Complaints may be directed to this committee.

In the draft policy provision is also made for an ombudsman that may be instituted by the Council to assist in dealing with complaints and conflict, and / or playing a monitoring role.

## Pansat kry nuwe voorsitter




**Prof. Mohlomi Moleleki, Hoof van die Departement Afrikatale,** is verkies as voorsitter van die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat). Pansat is 'n liggaam wat hom bevorder vir veeltaligheid in Suid-Afrika.

**Adresplakker**